STELENA NUUSBRIEF

In die begin van herfs 2014 groet ons u met opgewondenheid en dankbaarheid vir soveel dinge.

Dit was 'n seisoen van uiterstes tov die weer, maar uiteindelik het dit meegewerk tot 'n najaar met belowende graan op die lande en wuiwende grashalms en sade van tientalle spesies in die veld.

Alhoewel die baie nat toestande dit nie 'n ideale skaapjaar gemaak het nie, gaan dit nog goed met Stelena SAVM. Soos gewoonlik het ons deelgeneem aan Streekskoue en die Nasionale Kampioenskappe en het ons verskeie wenners vertoon soos die fotos hieronder toon.

Vrystaat Kampioen Ooilam 2014

SA Reserwe Kampioen Ramlam 2014

Mpumalanga Kampioen Ramlam 2014

Ons herinner u ook graag aan ons naderende **Produksieveiling** wat sal plaasvind **DV op 20 Mei 2014 op Nooitgedacht, Oranjeville.**

Soos altyd bied ons diere aan wat sal tuis wees by die kopers en net nog mooier sal word. Ons skape is gehard omdat hul uitgegroei is onder kommersiële toestande; dus bied ons hul met vrymoedigheid aan.

Ons aanbod bestaan vanjaar uit:

50 Geregistreerde Ramme
(waaronder potensiële stoetramme)

20 Stoetooie (dragtig van top ramme)

120 jong kommersiële ooie (meestal 2 tand)
(dragtig geskandeer)

Besoek gerus ons web blad by http://www.stelena.co.za/. Ons beantwoord enige navrae met graagte en u kan ons kontak by onderstaande kontak nommer of epos.

Ons sien uit daarna om u hier te ontvang.

Manie & Alta Lombard

Nooitgedacht
PO Box 123
Oranjeville
1995

083 232 4324
manie@stelena.co.za
www.stelena.co.za